## Kroniek van 'n volksanger

**M. Slabbert en D. de Villiers,** ***David Kramer: 'n Biografie***

Tafelberg, Kaapstad, 2011
384 pp
ISBN 978-0-624-04967-8
R195.00

'n Biografie van David Kramer is al lank nodig. Slabbert en De Villiers het hierdie taak aangepak en 'n belangrike optekening van 'n Suid-Afrikaanse musikant se lewe gelewer. Die biografie is in samewerking met die Kramers gedoen en ontbreek derhalwe 'n paar kritiese komponente as biografie. Dit wat wel gedoen is, is egter omvattend en noukeurig. Dit is duidelik dat die Kramers gesteld is op hulle privaatheid, wat die werk van die twee biograwe aansienlik bemoeilik het. Veral Renaye Kramer, David se vrou, bly 'n vae randfiguur in die David Kramer-fenomeen. Hulle is alreeds sedert hulle skooldae saam en sy bestuur die sake- en administratiewe sy van sy musiek. Dog weet ons nie uit die biografie of sy ook, nes haar man, van Joodse afkoms is nie.

Die boek bestaan uit vyf dele, voorafgegaan deur 'n langerige skrywersnota en 'n

inleiding. Elke afdeling beslaan drie of vier hoofstukke wat die tema van die afdeling chronologies hanteer. Die afdelings oorvleuel chronologies met mekaar, wat steurend werk in hierdie biografie. Die skrywersnota verduidelik dat die aanvanklike idee was om die werk van David Kramer na te speur en te kontekstualiseer. Die bereidwillige samewerking van die Kramers het dit egter in ’n biografie omskep. Dit is geensins krities nie, alhoewel die biograwe die stelling in die skrywersnota maak.

Die inleiding verskaf die agtergrond van Kramer se Joodse oorsprong, wat soortgelyk is aan dié van menige Joodse immigrante na Suid Afrika, en sy gesin se vestiging in Worcester, waar Kramer dan ook gebore is. Die Kramers het vinnig hul Joodse geloof afgeskud, wat hulle skynbaar as iets van die verlede beskou het wat hulle net in die toekoms sou belemmer. Deel 1 behandel Kramer se kinderjare. Die gesinslewe was klaarblyklik gesond en die normale omgang van sosiale byeenkomste was aan die orde van die dag. Slabbert en De Villiers doen moeite om die konteks van die tydsgleuf weer te gee. Daar word ook gefokus op die plaaslike musiektoneel op Worcester en die jong Kramer se blootstelling daaraan. Dit het hom heelwat stof vir van sy latere musiek verskaf. Ongelukkig verskaf die biograwe nie meer detail oor hoekom Kramer so intens aangetrokke tot dié musiek was nie. Waar en wanneer hy sy eerste kitaar gekry het en hoe hy homself geleer speel het, is byvoorbeeld aspekte wat ’n mens sou verwag het groter aandag in ’n musikant se biografie sal geniet.

Deel 2 dek Kramer se vertrek uit Worcester: eers om diensplig te gaan doen en daarna om in Engeland tekstielontwerp te studeer. Hier het hy die volle lewe van die vroeë 1970’s se vryhede ervaar. Daar kon hy baie musiekopvoerings bywoon van musikante wat wissel van Leonard Cohen, Paul McCartney, David Bowie tot McGhee en Terry. Kramer was ook baie produktief in sy eie werk en skryf tydens dié periode baie gedigte wat hy later in liedjies sou omwerk. Hy doen ook ’n toer saam met Renaye deur Europa. Dit is duidelik dat hierdie tydvak intellektueel vir Kramer stimulerend was, maar dat dit nie vir hom noodwendig aangedui het wat die rigting is waarin musiek hom sal neem nie. Hy keer na Suid Afrika terug nadat hy gegradueer het en werk as ’n tekstielontwerper in Worcester waar hy begin om optredes te hou. Na ’n mislukte poging deur Kramer en sy vrou om te emigreer, verskuif hulle Kaapstad toe. Hy begin meer optredes gee, maar behou steeds sy werk by ’n tekstielmaatskappy. Dit is jammer dat die biograwe nie die mislukte migrasiepoging beter ondersoek het nie aangesien dit steeds ’n kontensieuse aspek is vir wit Suid-Afrikaners. Wat sy musikale ontwikkeling betref, gee Kramer gereeld optredes voor klein intieme gehore by privaathuise. ’n Mens is verstom om te dink wat die struikelblokke was om ’n musikant in die voor-digitale era te bemark. So het dit Kramer ’n goeie vier jaar gevat om sy eerste langspeelplaat vry te stel.

Deel 3 begin met die uitreiking van Kramer se eerste langspeelplaat, “Bakgat”. Dit is dan ook sy eerste kennismaking met die lewe van ’n openbare persoon. Dit is ’n tema wat die biograwe hiervandaan in die boek baie goed ontgin. Hulle skets die teenstelling tussen Kramer die mens en dié van sy publieke persona. Enersyds kry hy die beeld as ’n liberale “folk” sanger onder sy Engelse aanhangers en andersyds as “Almal se pel” onder sy Afrikaanse volgelinge. Dit is “Hak hom Blokkkies” wat hom onder die Afrikaners vestig as ’n volksanger. Slabbert en De Villiers skep die indruk dat Kramer half verleë was oor sy sukses met die album in die lig van die internasionale liberale teenkanting van die 1981-Springboktoer na Nieu Zeeland. As hy verleë was, het hy dit egter goed verbloem met “Royal Hotel” wat daarop dui dat Kramer goed geweet het dat sy Afrikaanse ondersteunersbasis baie groter en meer lojaal was as die liberale Kaapse Engelse kliek.

Gevolglik reik hy ’n reeks albums uit wat ’n mens as “plattelands” kan bestempel. Hy word baie produktief en tussen 1980 en 1990 reik hy nie minder nie as nege langspeelplate uit. Hy word die advertensiegesig vir Volksiebus en word ’n bekende figuur in Suid-Afrika – self bekender as Paul Simon, soos hy self vertel. Slabbert en De Villiers doen moeite om die boodskap, die sosiale kommentaar, die ironie en die humor van Kramer se lirieke weer te gee. Ná 1985 word sy lirieke al hoe meer polities, veral met die album, “Baboondogs”, waarin die liedjie “Skipskop” opgeneem is. Die waarde van Kramer as ’n sosiale kommentator word in hierdie hoofstukke deeglik ondersoek. Dié deel van die boek raak-raak ook aan die musikale aspekte van Kramer se musiek sonder om dit diepgaande te ontleed. Met die term “blik” verwys Slabbert en De Villers na Kramer se inskakeling by die “Musiek en Liriek-beweging”, maar daar word nie gesoek na die musiekgenre wat hy verteenwoordig het nie. Hoewel die biograwe letterkundiges is, kon hulle by ander kunstenaars kers opgesteek het oor Kramer se musiek. Hierdie aspek verdien dus verdere aandag.

Deel 4 handel oor die Kramer-Pietersen vennootskap met musiekblyspele. Dit skets die vriendskap en samewerking met die skryf, eerstens, van “District Six” en die fenomenale sukses wat hulle daarmee gehad het – eers net plaaslik en later ook internasionaal. Dié hoofstukke neem ook Kramer verder weg van sy “Almal se pel”-persona af totdat hy eindelik in ’n ernstige depressie beland waarmee hy lank daarna steeds sou sukkel. Daarmee saam beweeg die biograwe ook verder van die mens Kramer af en nader na die besigheid “Kramer-Pietersen”. Die sukses van “Kat and the Kings” maak die twee internasionaal bekend en hulle ontvang nasionale sowel as internasionale toekennings. Baie tyd word in London gespandeer. Hierdie hoofstukke verskaf ’n goeie dokumentering van die sukses van die musiekblyspele en die hoeveelheid werk wat hulle vereis het. Ongelukkig is daar baie min persoonliks in hierdie hoofstukke. ’n Mens sou meer detail verwag oor presies hoe Kramer en Pietersen saamgewerk het. Maar daar is niks daaroor nie. Selfs met Pietersen se dood word die boek nog meer onpersoonlik, en bly die Kramers in Londen om die media-blootstelling te ontsnap. Die redes hiervoor word nie gegee nie. Dit kan nie eers uit die boek afgelei word of Kramer op Pietersen se begrafnis was nie. Hierdie aspekte word nie verder ondersoek nie, en die vierdie deel word dus onbevredigend afgesluit.

Die laaste deel bevat die slothoofstuk, “Huistoe”, wat ook die naam is van Kramer se jongste album. Kramer was, op versoek van Jan Horn, op soek na kitaarspelers van die Karoo. Dit lui ’n nuwe kreatiewe fase vir Kramer in, waarmee hy ook finaal sy depressie oorkom. Kultuurhistories lewer Kramer met hierdie werk ’n belangrike bydrae. Sy rondreis in die Karoo verskaf ’n ryk volume werk vir Kramer en ’n groot deernis vir hierdie soms ontgogelde mens. ’n Mens sidder as jy dink hoeveel armer Suid-Afrikaners sou wees as Tokas se manier van kitaarspel nooit opgeteken en opgeneem is nie. Eweneens was die optekening van die musiek van Helena Nuweveld net betyds voordat sy ’n paar jaar later sinneloos vermoor is. Die “Karoo Kitaar Blues” is opnames wat soos kleinood bewaar moet word. Kramer self lewer twee nuwe CD’s, “Kliphard” en “Huistoe”, wat verbasend meer Afrikaans is as van sy eerste albums. Hy voltooi ook die “Storie van Koos Sas” waarin hy die verhaal van die voortvlugtende Koos Sas vertel en sy misdade probeer verontskuld. Kramer word deur sommige mense gekritiseer dat hy hiermee die geskiedenis verdraai. Hy begin ook weer voor gehore optree en tree nou gereeld by kunstefeeste op. ’n Derde album, “Hemel en Aarde”, word in 2007 uitgereik. Die biograwe lewer met hierdie laaste hoofstuk myns insiens hulle beste werk deur beide die konteks en die inhoud van Kramer se musiek behoorlik te

hanteer. Die enigste hinderlike aspek is dat die chronologie van hierdie deel ooreenstem met die chronologie van die tweede helfte van deel 4.

Slabbert en De Villiers se studie van David Kramer en sy musiek is geslaagd en verteenwoordig daadwerklik 'n noodsaaklike kroniek van een van Suid-Afrika se voorste musikante en kunstenaars.

*Willem Krog*
*Johannesburg*